



SOEK KONTREIWINKEL SE SKAPIE BL 5


# KOERANIA

November, 2024 ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT Volume 01 | Uitgawe




Foto - Karen J van Rensburg

Dirk Klynsmith spog met sy welige baard en snor vir hierdie maand se geen skeer November (Movember), wat vir die bewusmaking van kanker begin is. 'n Algemene newe-effek van kankerterapie is haarverlies. Die groei van veral 'n snor het hiervoor 'n effektiewe simboliese gebaar geword.

## KITSNUUS

Lees meer binne


**Bela-optog na Vryheidspark**
*Bladsy 2*
**Tannie Toffie gesels**
*Bladsy 3*
**Direksielid klop kanker**
*Bladsy 3*
**Diewe kry pak**
*Bladsy 4*
**Toneelwerkwinkel leersaam**
*Bladsy 6*
**Stokkiesdraai Park is terug!**
*Bladsy 9*
**Badenhorst pioniers praat**
*Bladsy 10*
**Snippie Snappie hou partytjie**
*Bladsy 11*
**Fokus op bejaardes**
*Bladsy 12*
**Ontmoet skole se leiers**
*Bladsy 15*
**Rolbalklub benodig fondse**
*Bladsy 16*


### NOODNOMMERS

Ongevalle | Brand | Veiligheid
060 501 7877 of 053 207 0089

Water & Riool | Elektries
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 (Na-ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.






**Koerania vier sy eerste bestaansjaar. Applous vir ons getroue lesers, adverteerders en storievertellers. Koerania nooi skrywers uit om hulle briewe oor aktuele sake, gemeenskapsake en besondere ervarings met ons te deel.**

## ONS SIEN UIT NA JUL DEELNAME VIR DIE VOLGENDE 12 MAANDE!

**KOERANIA REDAKSIE: Redakteur** Dia van Staden | **Grafiese ontwerp / Uitleg** Koos Gagiano | **Kontakbesonderhede** redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



## KOFFIE EN KLETS
### met die redakteur



# IETS en IEMAND sien uit na nog 'n jaar

Die Franse filosoof, Maurice Merleau-Ponty, het gesê: Die hede is die spoor van die verlede in die toekoms. Daar steek soveel waarheid in dié stelling, veral noudat Koerania sy eerste bestaansjaar en ek persoonlik 60 jaar op moederaarde herdenk.

Ek dink daaroor of daar enige verskil is tussen die geboorte van IETS en die geboorte van IEMAND… Koerania is deur my en Koos Gagiano, grafiese ontwerper van formaat, geskep, sodat ek aan my behoefte om die unieke stories van Oraniërs te vertel, kan uiting gee. Op 'n veel wyer vlak moet die waarheid oor ons dorp en sy mense die lig sien. Koerania is nie 'n politieke speelbal of instellingvas nie. Dit is 'n onafhanklike medium waarin tyd soms stilstaan, maar die toekoms voortdurend aandag geniet.

Orania groei en Koerania wil saam groei – ter wille van die gemeenskap. Koerania is afhanklik van die gemeenskap se ondersteuning, hulle stories en beslis hulle insette. Hierdie IETS het dus ontstaan as gevolg van IEMAND – Orania se mense.

Sestig ryke jare kan nie in 'n paragraaf opgesom word nie. Die lekker, die lelik, die lof en die laste is gedurig deel van 'n mens se lewensreis. Ek verlang na baie mense wat nou al, glo ek, die ewigheid bewandel. Dalk is dit iets wat met die ouderdom saamkom? Ek is nie wys genoeg om al die vrae te beantwoord nie.

Daar is 'n paar dinge wat ek graag anders wil doen. Ek wil meer lag! En meer tyd vir kwaliteit gesprekke maak. En die see meer sien. En meer luister na ander se wysheid en wedervaringe.

Ek wil steeds verhoudings as uiters belangrik ag en my daarop toespits om die Vader se hand in my lewe te erken, gedurig af te bid, en daarvoor dankbaar te wees.

Ek kyk met dankbaarheid terug na die laaste 12 maande waarin die gemeenskap Koerania ondersteun het. As jy nog nie 'n intekenaar is nie, mis jy uit!

Ek kom uit die stal en era van gedrukte koerante. Iets wat nou verdwyn. My hart bloei daaroor en tog kan ek met dankbaarheid en trots na die gemeenskapskoerant van Orania kyk en weet dat ons nog so baie stories het om te deel. My ondervinding in bemarking, media, televisie, radio en nou sosiale media vorm 'n integrale deel van digitale media.

Dankie aan Koerania se adverteerders, ons storiemakers, lesers en intekenaars. Julle laat ons uitsien na die volgende 12 maande!

Daar word gereeld daarvan gepraat dat jy nie tyd kan terugkry nie. Almal kan egter VANDAG begin en 'n NUWE einde skep. Dalk klink dit makliker gesê as gedaan, maar die hoop beskaam nie.

***Psalm 16:8 Ek stel die HERE altyddeur voor my; omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie.***

*Dia van Staden*




# #StopBela!

Dia van Staden - Redakteur



Die vreedsame protesoptog is deur minstens 10 000 persone meegemaak. Foto - Thomas van Dalen

Op Dinsdag 5 November het ongeveer 10 000 Afrikaanssprekende individue by die Voortrekkermonument vir die protesoptog teen die omstrede Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwys, verenig.

Verskeie Oraniërs het die verrigtinge bygewoon en hul stem gaan dik maak teen dié voorgenome BELA-wet. Hanlie Pieters, bemarkingsbestuurder by Bo-Karoo Opleiding, het in haar pleidooi gesê: "Bo-Karoo Opleiding staan sterk vir die reg op vrye keuse van onderrig en opleiding in Afrikaans, omdat ons dit as 'n hoeksteen van kultuurbehoud en identiteit beskou."

Hanlie het verder genoem dat BKO daarin glo dat onderrig in Afrikaans, veral binne die unieke Afrikaner-kultuurkonteks, studente toerus om trots te wees op hulle identiteit. Sy beklemtoon dat BKO geleenthede vir groei en selfstandigheid, wat ferm gegrond is op die beginsels van Christelike geloof en die visie van 'n selfonderhoudende, hoopvolle toekoms, wil skep. "Die BELA-wet bedreig ons vryheid om hierdie roeping voluit na te kom."

Die Orania CVO-skool en Volkskool Orania se hoofde en onderwysers het nie die geleentheid laat verbygaan om ook hulle handtekeninge by te voeg en hul misnoeë met die memorandum teen die BELA-wetgewing te toon nie.

Verteenwoordigers van die Orania Beweging stel dit as "onaanvaarbaar vir die regering om van Afrikanerkinders 'n politieke speelbal te maak. Die BELA wet is 'n direkte en ondubbelsinnige aanval op Afrikaans en Afrikaners."

Jaco Mulder, LP vir die Vryheidsfront Plus en voorsitter van die portefeuljekomitee oor landbou, landelike ontwikkeling en omgewingsake vertel dat dit lekker was om weer deel van 'n groter groep te wees wat rondom 'n gemeenskaplike saak verenig.

Dié protesoptog is deur Solidariteit en AfriForum georganiseer en sal voortaan onthou word as die grootste Afrikanersaamtrek sedert 1994.

Die minister van sport, kuns en kultuur, Gayton McKenzie het sy bystand verleen om toestemming vir optoggangers te kry wat hul kon toelaat om tot by Vryheidspark in Pretoria te stap en die memorandum namens die regering van nasionale eenheid (RNE) te oorhandig.

Hierdie is nie 'n klein politieke geskil nie. Dit gaan oor die oorlewing van 'n taal- en kultuurgemeenskap," sê Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, Tientalle beheerliggame het hulle ouers vir die protesoptog gemobiliseer.

Meer as 41 organisasies het saam met duisende ander persone aan die vreedsame optog deelgeneem en sodoende opgestaan vir Afrikaans en die Afrikanerkultuur.

President Cyril Ramaphosa het reeds die wetsontwerp onderteken, met die uitsondering van klousule vier en vyf. Dié het hy met drie maande uitgestel sodat verdere gesprekke daaroor kan plaasvind. Die genoemde klousules handel oor skole se taalbeleid en die mag van skoolbeheerliggame.

Die Bela-wet se artikels 4 en 5 vat die finale sê oor die toelating- en taalbeleid by 'n skool van die beheerliggaam en die ouer weg, en gee dit oor aan 'n staatsamptenaar wat dan die mag het om dié beleide te verander.

Volg hierdie skakel om die memorandum te sien.




Hanlie Pieters, bemarkingsbestuurder by BKO het ook die Bela-optog vanaf die Voortrekkermonument bygewoon en haar stem by duisende ander gevoeg om die wetsontwerp teen te staan. Foto - Verskaf

# Tannie Toffie en die toe-oog-afspraak

Dia van Staden - Redakteur



In Suid-Afrika is daar op 23 Maart 2020 'n staat van inperking aangekondig. Die grendelstaat het amptelik op 27 Maart 2020 om 00:00 begin en in die maande wat daarop gevolg het, het letterlik honderde mense Orania as 'n opsie vir hul toekoms oorweeg. Rekord besoekersgetalle is vir Orania gedokumenteer en die navrae het uit verskeie oorde, selfs vanuit internasionale geledere, ingestroom.

Op 1 Desember 2020 het Jan en Joelean Snyder vanaf Pretoria gereis om Orania hul tuiste te maak. "Die grendelstaat het ons hierheen gedwing," vertel Joelean tydens 'n hartlike onderhoud met Koerania. Sy vertel van hul besigheid wat in stilte verval het. "Personeel en fabriekhuur moes betaal word en sonder verkope was dit natuurlik onmoontlik om vol te hou."

Haar matriekjaar sluit sy in 1971 by Stellenbosch Hoër Handelskool af. "In daardie jare was daar baie werksgeleenthede vir 'n vrou as jy sekretariële vakke geneem het." Joelean sluit by haar oudste suster in Welkom aan, waar daar meer werksgeleenthede as in die platteland was. Sy werk vir 25 jaar as 'n klerk in die bankwese. Haar lang loopbaan begin by United Bouvereniging wat later United Bank word en tans as ABSA bank bekendstaan. Van Welkom af is sy later na die Lytteltontak in Pretoria verplaas.

"Ek was gelukkig in my werk en 25 jaar in een beroep het vir my standvastigheid beteken. Jy kon bevorder word en daar was altyd nog 'n vlak waarheen jy kon werk." As kontroleerder oor 11 tellers het haar finansiële vernuf sterk ontwikkel.

Op 22 jarige ouderdom het 'n vriend 'n toe-oog-afspraak tussen Jan en Joelean bewerkstellig. "My eerste indruk was, sjoe, dit is 'n groot jongman," glimlag sy. Hulle het dadelik aanklank by mekaar gevind en in Augustus 1975 het Joelean aan Jan Snyder verloof geraak. Hulle is sommer kort daarna op 20 Desember 1975 in Welkom getroud. "Dit was nog die goeie tradisie dat ouers toestemming moes gee vir 'n egpaar om te trou."

Die aanbod van 'n vennootskap het vir hul die geleentheid gebied om in Orania te hervestig. Dié aanpassing in 'n klein dorpie soos Orania, waar 'n klein verskeidenheid winkels aankope bemoeilik, was nie noodwendig eenvoudig nie. "Aangesien Sondag in Orania gerespekteer word, moet mens vroegtydig beplan om seker te maak dat jou naweekinkopies gedoen is," vertel sy.

Joelean het in Fraserburg grootgeword en is dus bekend met die Noord-Kaap se klimaat. Sy het in hul Centurionfabriek, vanwaar slegs aanlynverkope gedoen is, die beplanning, pak van bestellings en personeelbestuur hanteer.

Sy is lief vir mense en die skuif van 'n fabriek na 'n winkelopset het haar soos 'n handskoen gepas. Aanvanklik het die winkel en die fabriek twee kleinerige spasies in die Karoolandsentrum opgeneem.

Meer as 'n jaar gelede is daar besluit om Ougoud Toffies se winkel na die Smaragsentrum te skuif. Die fabriek word nou in Sonpark se Blikkiesdorp gehuisves waar daar 'n groot hoeveelheid toffiegeure, elk met unieke omhulsels, gemaak word.

Die mees gewilde vraag van toeriste en ander besoekers aan die toffiewinkel is: "is julle gelukkig hier en bly julle lekker?" Sy vertel dat sy 'n eerlike standaard antwoord het: "Ek bly lekker en ons is gelukkig hier. Soos in enige plek is daar die positeiwe en negatiewe ervarings. Nêrens is 100% perfek nie."

Dié 72-jarige Joelean vertel dat kliënte hul toeristewinkel geniet en vertel gewoonlik hoe verras hulle is oor die groei, skoonheid en veiligheid van Orania, teenoor wat hul elders of in hul eie tuisdorpe ervaar. "Besoekers dink soms ons is 'n wit plakkerskamp en wanneer hulle hier kom is dit vir hulle verblydend om te sien wat werklik hier aangaan. Dit wys vir jou dat dit gedoen kan word!"

Sy voel wel dat die gemeenskap se betrokkenheid by besluitnemingsprosesse aandag kan geniet. "Ons is min genoeg dat daar openhartige gesprekke of geleenthede kan wees waar 'n groter deel van die gemeenskap die leierskap bystaan voordat 'n formele besluit geneem word," sê sy. Joelean besef dat dit nie regverdig sou wees om te verwag dat 'n dorp se besluitnemers in almal se geite hoef te voldoen nie.

Soos die meeste ander vroue in Orania is skoonmaak en die normale huishoudelike take deel van haar tydverdryf. Sy kyk graag televisie wanneer sy wil afskakel. "Ek geniet dit as Jan vir ons 'n vleisie braai terwyl ek 'n glasie Rosé kan geniet." Hul dogter, Janine (42), en kleindogter Annabelle (10) woon in Wemmershoek. Tydens hulle gereelde telefoniese gesprekke deel Annabelle graag haar toetsuitslae en dan spoor ouma en oupa haar aan om haar skoolloopbaan moedig aan te pak. Van die eienskappe wat hul by haar probeer vaslê is om eerlik te wees, maar om nie onnodige konflik aan te wakker nie.

'n Sterk sin vir dissipline en eerlikheid beskryf Joelean as haar sterkste eienskappe. "Ek is liewer eerlik en vat wat daarmee saamkom as ek teenkanting sou kry." Dié vrou wat mense graag aanmoedig om voluit te leef en die mooi in die lewe raak te sien, delegeer met moeite. "Ek doen dit eerder self, want dan kan ek net myself blameer as dit verkeerd is," deel sy ernstig.

Die beste raad wat sy ooit van haar rustige pa gekry het: "Gee altyd jou beste, want dit is waaroor jy beheer het. Moenie iemand anders probeer wees nie."

Vakansie by die see skep vir haar die geleentheid om kalm te raak, aan niks te dink nie, terwyl sy die uitsig geniet. Sy verwys na haar eertydse hoof by United Bank, Juliana Visser, as sy aan 'n rolmodel dink. "Sy was 'n sterk en netjiese vrou wat haar lipstiffie altyd byderhand gehou het voordat sy iemand te woord sou staan."

Hul handhawing van hoë kwaliteit produkte, alhoewel dit 'n duur oefening is om die rou produkte na Orania te kry, bly 'n geheim. "Ons produseer nie massas nie. Die feit dat die toffies handgemaak is en ons goeie kwaliteit bestandele gebruik, sorg dat dit gewild bly." Sy verkies self die dubbellaag en soutkaramel toffies as 'n versnapering.

Ougoud Toffies se grootste afsetgebied is tans die Kruger Nasionale Park. Aankopers vorm die kern van hul span en nuwe aankopers regoor die land word steeds deel van hul span. Joelean bevestig dat die toffiestafies, geskenksakkies en unieke toffieplakke die mees gewilde opsies vir toeriste.

As 'n opwindende geleentheid kan enige besigheid hul eie ontwerp vir hul stuur sodat hul unieke handelsmerk op die etikette kan verskyn. Daar moet ten minste 100 van 'n produk bestel word vir dié ontwerpe. Hierdie tyd van die jaar is kersgeskenke in aanvraag en bly die Orania-omhulsels in aanvraag.

Ougoud Toffies verskaf ook gebak, ingelegde konfyt en vrugte, gegeurde souse, biltong en pekanneute uit die omgewing se boorde. Maak 'n draai by Joelean en geniet die Toffietannie se gasvryheid!

# Hardegat herprogrammeer Innerlike dialoog

Elred Ferreira is 'n bekende gesig, Orania Aandeleblok direksielid, lid van die arbeidspaneel en sosiale media stem in Orania. In Junie 2023 word hy met 'n vroeë stadium 4 klierkankerdiagnose getref.

Non-Hodgkin's Limfoomkanker se prognose kan soms 'n donker wolk oor 'n pasiënt se kop laat hang, aangesien, soos in Elred se geval, dit 'n laat diagnose was en baie kliere reeds aangetas was. Dr Smalberger, Onkoloog in Kimberley, het Elred bemoedig deur te noem dat klierkanker een van die kankers met die heel beste oorlewingsyfers is. "Ek is die tipe wat altyd oorleuen na die mediese wetenskap en nie alternatiewe oorweeg nie. Aangesien daar gesê word dat chemoterapie suksesvol toegepas word op pasiënte met klierkanker, vertrou ek die dokters. Hulle het studeer vir die kennis wat hulle het, daarom bly ek geneig om daardie roete te gaan," sê Elred met oortuiging.

Die berugte "rooi duiwel"-chemoterapie word toe vir Elred voorgeskryf. Elke 21 dae, vir ongeveer vier maande moes hy ses sessies van ses ure elk deurstaan. "As hierdie sterkste behandeling nie suksesvol was nie sou ek sekerlik alternatiewe opsies oorweeg het."

Koerania wou by Elred weet wat met sy psige gebeur na so 'n diagnose. "Jy wil jouself jammer kry en dan herinner jy jouself aan 9 en 11 jarige kinders wat deur kankerbehandeling moet gaan. Skielik besef jy dat dit jou op 61 eers tref en dan kom alles min of meer weer in perspektief."

Hy erken dat wanneer selfbejammering soms die houvas op hom wou kry, hy homself moes herinner aan die miljoene mense wat al aan kanker dood is, en dan kon hy berusting vind omdat hy homself nie beter as 'n ander kankerpasiënt kon ag nie.

In Elred se loopbaan het hy gereeld met Joodse gemeenskappe gedeel. "Hulle aanvaar nie verloor nie. Daar bestaan by hulle 'n ongekende gesindheid van deursettingsvermoë. Ek het weer uit daardie bron krag geput," vertel hy.

In die chemosaal, vertel hy, heers daar 'n neerdrukkende atmosfeer. "Dit is jy en die naald en allerhande pakke medikasie om jou immuniteit te bou. Die laaste pak is die rooi duiwel. Jy is omring met mense wat ook met naalde in hulle arms sit. Sommige is in 'n gevorderde stadium van hul behandeling en/of die siekte." . Die geselsies wat hy met mede-lyers aangeknoop het, het nie na dieper verhoudings gelei nie. "Almal wil dit net verby kry!"



Elred se grootste motivering was die spesiale aanbod op 'n gourmet pizza wat hy na afloop van elke behandeling by 'n gewilde restaurant gaan geniet het.

"Chemoterapie is nie jou maat nie. Dag 2 en 3 begin hy jou vat tot dag 11 en 12. Dan voel jy net 'n week redelik goed voordat die volgende behandelingsessie gebeur. Jy is naar en jy voel siek soos wanneer jy Covid het. Ek het gelukkig geen braking beleef nie, maar jy voel 24 uur van 'n dag naar en mislik!"

Gedurende hierdie vier maande het hy geen verblyfregsessie, direksievergadering of ander vergadering waarby hy normaalweg betrokke is, gemis nie.

Elred is na ongeveer vier maande "skoon" verklaar. Dit is vir hom baie duidelik dat die "rooi duiwel" die kanker platgeslaan het. Na vier sessies het die skandering reeds getoon dat die grootste gedeelte van die kanker gewyk het.

Hy vertel hoe vriende en familie hom wou besoek om moontlik te groet. Sy dogter het uit Bettiesbaai vir hom kom kuier omdat sy bang was dat dit dalk die laaste keer sou wees. Hy is egter opgewonde daaroor dat dié besoek hul verhouding versterk het. "Jy het heeltemal ander planne, want wat jou betref gaan jy nêrens heen nie. Dit is ander wat dink jy gaan sterf."

Elred verduidelik dat hy die erns van kanker besef, maar dat 'n oorlewingsdrang hom oortuig het om nie in 'n swart gat te verval nie. "Dit maak nie saak hoe *tough* of hardegat jy is nie, kanker is 'n ernstige siekte wat jou kan doodmaak. Ek het dit as 'n moeilike tyd in my lewe gesien waardeur ek moes gaan, sodat dit aan die ander kant daarvan beter sal gaan."

Die skaal staan weer op 102kg, sy normale gewig, en sy hare het terug gegroei. Na 'n jaar is hy dankbaar vir 'n byna "normale" liggaam. Na 'n jaar sal die opvolgbesoeke elke drie maande moet plaasvind, en daarna elke ses maande. "Dit is maar soos 'n swaard wat oor jou kop hang. Die uitslae van bloedtoets of skandering gaan vir jou een van twee antwoorde bring: meneer Ferreira jy is skoon, of meneer Ferreira, hul het iets opgetel… Dit is nie 'n lekker swaard om oor jou kop te hê nie. Jy kan net hoop vir die beste," deel hy.

Hy het gereeld 'n gevoel van "ag shame" van mense beleef, maar die gemeenskap en gebedsgroepe het hom gedra. 'n Vriendin uit die Kaap het hom vir drie maande in sy besigheid kom bygestaan. Hy spreek ook sy dankbaarheid teenoor Ria en Chris Welgemoed uit wat hom in dié tyd geweldig ondersteun het.

Elred is onlangs met Toinette getroud en sy het, volgens hom, nuwe opwinding in sy lewe gebring. "Ek het weer lus vir die lewe. Ek moes vir drie jaar alles wat met besigheid, my diere en die perseel te doen het alleen doen. Sy het my in staat gestel om weer te leef," vertel hy met 'n stuitige glimlag.

Hy wil nog 'n daadwerklike bydrae lewer om te verseker dat Orania sal aanhou groei en ontwikkel en 'n vooruitstrewende Arikanergemeenskap sal wees. "Ons is dit reeds, maar het getalle nodig om 'n faktor te wees. Ek is positief oor die toekoms van Orania. Ons sal al hoe meer op mense se lippe wees, alhoewel ons dalk 'n relatiewe kleiner gemeenskap sal bly. Ek voorsien nie 'n volkstaat nie," sê hy.

# Kabeldiewe hulle buit kwyt

Daar word gedurende die aanloop na die feestyd al meer kriminele misdrywe verwag, maar die AfriForum protospan en OVD se taak- en reaksiespanne het op Dinsdag 5 November berugte kabeldiewe met leë hande gelaat.

Dié arrestasies volg nadat 'n nommerplaatuitkenningskamera (LPR-kamera) van Stroomop Boerevereniging Maandag 4 November buite Hopetown 'n verdagte voertuig, wat voorheen met kabeldiefstal in die omgewing verbind is, uitgeken het. Die betrokke voertuig is hierna op verskeie plekke in die gebied opgemerk en AfriForum se protospan en die OVD taak- en reaksiespanne is tersluiks geaktiveer.

Omstreeks middernag het 'n veldkamera die vermeende diewe bespeur waar hulle besig was om kabels te steel. Die verdagte voertuig het hierna, om ongeveer 04:00, vanuit Petrusville in die rigting van Orania gery en het hul makkers met hul buit langs die R369 opgelaai.

'n Groep AfriForum-protospan- en OVD-reaksiemaglede wat die bibberkoue nag in die veld deurgebring het, het hul agternagesit en die voertuig ongeveer 2 km suid van Orania van die pad af gedwing. Die res van die veiligheidspan, wat in die omgewing ontplooi was, het bystand gelewer met die aankeer van die verdagtes. Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) is van die operasie verwittig en het kort hierna die verdagtes op die toneel gearresteer. Sowat 250 kg se koperkabels ter waarde van sowat R30 000 is in die verdagtes se besit gevind.

"Hierdie kabeldiewe teister en ontwrig die gemeenskap van Orania en omliggende dorpe nou al vir 'n geruime tyd," sê Daniël Coetsee, AfriForum se Orania-protospanleier. Volgens Coetsee is die sukses van dié operasie te danke aan goeie beplanning, doeltreffende bevel- en beheermaatreëls en uitstekende samewerking tussen AfriForum se protospan en Orania Veiligheidsdienste. Volgens al die betrokke groepe bly samewerking die sleutel tot die doeltreffende beveiliging van die Bo-Karoo.

Foto Verskaf



Kabeldiewe is deur die AfriForum-protospan- en OVD-reaksiemaglede verras.

Daar is verskeie sake by Hopetown en Vanderkloof se polisiestasies aanhangig gemaak. Dié bende is dus al 'n geruime tyd in die omgewing met hul kriminele aktiwiteite besig. Die skade stop nie by die verlies van kabels en herstel van die terreine nie, maar sluit die finansiële skade aan oeste in wat nie besproei kan word nie, weens die afwesigheid van elektriese toevoer vanaf waterpompe.

Die SAPD se ondersoek na die verdagtes se betrokkenheid by kabeldiefstal in die omgewing duur voort.




GRONDLYN

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

## Begronde riglyne vir vandag se vrae

Alistair van Heerden - Begrond

# Wie is Orania se Leermeester?

Christus se opdrag in Matteus 28:18-20, waarin Hy verklaar dat alle mag in die hemel en op aarde aan Hom gegee is, lê die grondslag vir die Christen se roeping en gehoorsaamheid aan Hom, en dit geld ook vir die Afrikanervolk. Hierdie opdrag het 'n omvattende invloed op ons lewe en kultuur, wat insluit die bou van ons gemeenskappe, onderwys, ekonomie en regsorde. Ons kan nie hierdie sfere van ons eens onafhanklikheid van Christus bestuur nie, want alles moet onder sy heerskappy onderwerp word.



### CHRISTUS IS KONING OOR ALLES

Die Bybel openbaar dat Christus nie net ons Verlosser is wat ons van sonde verlos nie, maar ook die Koning en Heer oor die hele skepping is. Sy gesag strek oor elke aspek van die werklikheid; niks is buite sy beheer of invloed nie. Efesiërs 1:22-23 leer dat God alles aan Christus onderwerp het en Hom as Hoof oor alles aangestel het vir die kerk. Christus is die Skepper en Onderhouer van alles wat bestaan, soos ons in Kolossense 1:16-17 lees: "...alles is deur Hom en tot Hom geskape." Hierdie universele gesag bevestig Hy in Matteus 28:18 deur te sê: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde." Sy heerskappy is nie net beperk tot die geestelike nie, maar sluit ook alle aardse konings en magte in (Openbaring 17:14), wat verklaar dat Christus die Here van here en Koning van konings is. Verder stel Kolossense 2:10 ons in die geloof dat Christus die hoogste gesag het oor alle owerhede en magte, terwyl Hebreërs 1:2-3 toon dat Hy die erfgenaam en draer van die hele skepping is. Christus se koninkryk is dus allesomvattend, wat beteken dat elke deel van die skepping onder sy heerskappy val, tot die eer van God en tot die vervulling van sy koninkryk op aarde en in die hemel.

### DIE ROEPING VAN DIE AFRIKANER

Soos elke volk, het die Afrikaner ook 'n verantwoordelikheid om Christus se gesag te erken en Hom te volg as die een ware Leermeester. Die Skrif leer ons dat ons Hom in alle aspekte van ons lewe moet erken, en dit sluit ons samelewing en kultuur in. Orania, ons Afrikanerstad, moet dus op Christus gebou word, want soos Psalm 127:1 ons waarsku: "As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou."

Hierdie beginsel impliseer dat ons moet luister na wat die Woord van God oor volkswees en gemeenskapsbou leer. Dit beteken om met reg en geregtigheid te leef, en om na Christus as die Bron van alle wysheid en waarheid te kyk in sake van ekonomie en wet. Die Bybel beklemtoon dat God se skeppingsorde en sy openbaring in Christus riglyne verskaf vir alle sosiale en etiese strukture, en dat die samelewing en die kerk alleen op Hom kan rus.

### ONDERWYS IN CHRISTUS

Die opvoeding van ons kinders is 'n kernonderdeel van ons gehoorsaamheid aan Christus se opdrag. Deuteronomium 6:6-7 beklemtoon dat ons kinders van kleins af onderrig moet word in die weë van die Here, sodat hulle Hom sal volg as hul enigste Leermeester. Die implikasie is dat, waar Christus nie as Leermeester erken word nie, die invloede van die wêreld, en uiteindelik die duisternis van die bose, ons kinders kan verlei.

Ons weet hoe belangrik dit is dat gelowige ouers en gemeenskappe hul kinders lei met die doel om Christus as die middelpunt van alle kennis en wysheid te erken. Slegs deur in Christus se lig te wandel, kan ons die gevare van goddelose invloede afweer en ons kinders toerus om 'n lewe in gehoorsaamheid en heiligheid te lei.

### DIE GEVOLGE VAN VERGRYPING

Wanneer 'n gemeenskap of volk Christus nie as die finale gesag erken nie, verval hulle in chaos en ongeregtigheid. Die Bybel leer dat die mens in sy sondige staat geneig is tot boosheid en dat slegs die genade van Christus ons kan red. Om die heerskappy van Christus te verwerp, is om die deur oop te maak vir sataniese invloede wat lei tot morele verval en chaos. Hierdie gevaar beklemtoon die noodsaaklikheid van gehoorsaamheid aan Christus, nie net in persoonlike lewe nie, maar ook in die gemeenskap en nasionale lewe.

Vir die Afrikaner, en enige volk, is Christus se heerskappy nie net 'n geestelike beginsel nie, maar 'n praktiese riglyn vir elke aspek van die lewe. Hy is ons Leermeester, ons Regter en ons Koning, en ons roeping is om elke deel van ons bestaan aan Hom te onderwerp. Orania moet in gehoorsaamheid aan Hom gebou en bestuur word, om sodoende nie net te oorleef nie, maar ook te floreer onder Sy seën en beskerming.

## Promosie

VOORTREKKERMONUMENT

# Vlae vertel 'n nuwe verhaal by die VTM

"Elke vlag vertel 'n storie" en vandag word dié stories ook by die Voortrekkermonument (VTM) vertel na die South African Vexillological Association (SAVA) vandeesweek 'n nuwe tuiste in die VTM-argief gekry het.

Die VTM-argief by die Erfenissentrum is 'n skatkis van kultuur, taal en geskiedenis en hiérdie nuwe SAVA-versameling is 'n ongelooflike toevoeging tot hierdie ryk erfenis.



Dr. Bruce Berry in die VTM argief

Dr. Bruce Berry, tesourier en sekretaris van SAVA, sê elke vlag vertel 'n storie en hy is baie dankbaar dat die joernale, tydskrifte, navorsingsdokumente én 66 vlae uit ons land se geskiedenis, van hul organisasie nou by die VTM kan wees, waar dit aan die breër publiek beskikbaar gestel kan word.

"SAVA is in 1990 gestig en sedertdien het ons werklik waardevolle werk gedoen in die ontwikkeling van vlagkunde, daarom is ons baie dankbaar dat hiérdie nalatenskap vandag kan voortleef by die VTM," sê Berry.

"Ons hoop dat meer mense hier by die monument blootgestel kan word aan die wonder van vlagkunde."

Berry het spottend gesê hy is baie dankbaar vir die TV-karakter Sheldon Cooper wat op The Big Bang Theory veksilologie aan die wêreld blootgestel het met sy vlog of videopodgooi, Fun with Flags, en hy hoop die vlag-gogga sal hier by die monument meer jongmense byt.

Berry het verder verduidelik dat een van die oudste vlae in die wêreld die Deense vlag is wat reeds in 1219 ontwerp en gemaak is en vandag wapper die vlae van 193 onafhanklike lande regoor die wêreld – Elk met sy eie storie.

"Daar is soveel vlae op aarde, selfs meer as die 193 onafhanklike lande in die wêreld; sportspanne het vlae, militêre afdelings, besighede, selfs wanneer jy hier by die monument inry, wapper daar 'n VTM-vlag aan die paal en as mens eers hierdie verhale begin ontdek, gaan daar 'n nuwe wêreld van kultuur en geskiedenis vir jou oop."

Berry moedig ook oud en jonk aan om betrokke te raak by SAVA. Loer gerus op hul webtuiste vir meer inligting: https://www.savaflags.org.za/

Zabeth Botha, argivaris by die VTM, sê hierdie toevoeging tot die museum en argief is van onskatbare waarde en sy wil almal uitnooi om hier by die monument aan te klop en te begin navorsing doen oor hul eie geskiedenis en interessanthede soos die SAVA-versameling.

Kontak Zabeth@kultuurtuiste.org.za om 'n afspraak te maak om die argief te besoek.



Die Diggers Flag is 'n vlag uit Kimberley se geskiedenis

# Die koeël is deur die Kerk(plein)

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) kan vandag bevestig die vier burgerbeelde op die wêreldbekende Kerkplein, Pretoria, is gevandaliseer.

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) is diep ontsteld oor die onlangse skade wat aan die vier burgerbeelde rondom die Paul Kruger-standbeeld op Kerkplein aangerig is.

Twee geweerkolwe, twee geweerlope en een geweerband is van dié burgerbeelde afgesaag.

Leonie Marais, erfenishulpbronspesialis van die FAK, meen die skade moes onlangs aan die beelde aangerig geword het en sy is diep teleurgesteld oor hierdie vandalisme.

"Ek beskou dit as growwe nalatigheid van die Tshwane-metroraad dat hulle nie die stad se kultuurhulpbronne kan beskerm nie," sê Marais.

Dr. Danie Langner, besturende direkteur van die FAK, meen dat hierdie kriminele vernietiging van ons erfenisskatte is.

"Hierdie vier beelde is so deel van Pretoria se geskiedenis en landskap. Die skade wat aan hierdie beelde gerig is, is vanuit 'n kunsoogpunt onberekenbaar. As mens gaan kyk na die kriminele vernietiging van kuns en geskiedenis is hierdie net nog 'n voorbeeld," sê Langner.

Die FAK gaan 'n saak van opsetlike saakbeskadiging by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) aanhangig maak en eis onmiddellike antwoorde oor die veiligheidsmaatreëls wat by Kerkplein in plek is. Die FAK verwag 'n deeglike ondersoek na hoe hierdie sekuriteitsbreuk in 'n ruimte van so historiese betekenis kon plaasvind.

Die FAK doen ook 'n beroep dat die skade aan hierdie beelde spoedig herstel móét word. Die FAK is daartoe verbind om ons erfenis te bewaar en is bereid om ons kundigheid in die restourasieproses aan te bied om te verseker dat hierdie standbeelde so gou moontlik tot hul eertydse glorie herstel word.

"Ons as die FAK is van mening dat die Tshwane-metroraad hulle beskermingsplig versaak het. Ons is egter bereid om saam met die Metroraad te besin oor watter wyse dit moontlik is om hierdie beelde regtig veilig te kan bewaar. Dit gebeur steeds ondanks die hekke en die sekuriteitswag wat daar is. Die FAK sal graag in gesprek wil tree met die munisipaliteit oor die versorging en bewaring van hierdie beeldegroep," sê Langner.



As beskermers van kulturele en historiese erfenis, is die FAK verbind tot die bewaring van Suid-Afrika se erfenis en versoek die FAK die owerhede om beslissende stappe te neem op sulke dade van vandalisme.

Dit is skokkend om te sien hoe ons simbole en kulturele bakens sistematies vernietig word," sê Barry Müller, hoof van nasionale projekte by die FAK.

"Dit is vir my verskriklik hartseer om te sien hoe hierdie prominente beelde skade gekry het en dit is nie net hier waar daar vandalisme en afbreek plaasvind nie, maar regoor die land. Hoe meer mense betrokke raak by die beskerming van ons erfenis, kan voorvalle soos juis hierdie een in die toekoms verhoed word," sê Charles Rademeyer, kultuurkoördineerder by die FAK.

Die FAK het 'n versoek rakende hierdie aangeleentheid aan die Metroraad gerig, maar het nog geen terugvoer ontvang nie.

Vir enige media navrae, kontak Marianne Pouwels by mariannepouwels@kultuurtuiste.org.za of skakel 063 421 3337







# VANUIT DIE GEHOOR

Annamarie van der Merwe Fotos - Dia van Staden

Toegepaste kreatiwiteit … ŉ frase wat ek nog nie voorheen gehoor het nie, maar nou nie sommer sal vergeet nie. Tydens ŉ toneelwerkswinkel wat oor twee dae gestrek het, is toegepaste kreatiwiteit verduidelik en beklemtoon terwyl verskeie aspekte van uitvoerende kunste bondig, maar besonders leersaam, bespreek is.

Dr. Chris Vorster was die aanbieder van die werkswinkel op 1 en 2 November wat deur Koerania se Dia van Staden in Orania gereël is. Hy is tans ŉ senior lektor by die Universiteit van die Vrystaat se drama-afdeling waar hy sedert 2015 werksaam is. As Suid-Afrikaner, gebore in 1970, matrikuleer hy in 1987, voltooi sy militêre diensplig en studeer drama aan die Universiteit van Stellenbosch en verwerf ook sy meestersgraad. Dit word later opgevolg met ŉ doktorsgraad in kreatiewe skryfwerk aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy is bekend as skrywer, akteur en regisseur en verwerf verskeie toekennings oor die afgelope 30 jaar op al hierdie terreine. Miskien is hy by meeste bekend as *Ryno Lategan* in die destydse sepie, 7de Laan en ook meer onlangs vir sy boeke oor die lewe van Frans Marx en Marius Weyers.

Dit gebeur dikwels dat persone met so ŉ indrukwekkende CV soos dr. Vorster, nie daarin slaag om hul kennis in verteerbare porsies aan ander oor te dra nie. Dit was geensins hierdie keer die geval nie. Die oordrag van kennis was só effektief dat die kursusgangers verseker vir eers versadig gelaat is, maar só heerlik kon smul dat hul verseker ook lusgemaak is om hierdie leerproses verder te voer.

En dit is waar toegepaste kreatiwiteit ter sprake kom. Kreatiewe prosesse moet, nes ŉ tuin, bemes word om groei teweeg te bring. Wanneer iets nie gevoed word nie, sterf dit. In ŉ groot mate kan gesê word dat kreatiwiteit nie iets is wat aangeleer word nie, maar ongelukkig iets is wat vergeet word. Hierdeur word bedoel dat omstandighede en stelsels waarin ons ons bevind, dikwels op ŉ baie jong stadium reeds kreatiwiteit smoor, eerder as om dit te bevorder. Dikwels staan kunstenaars voor die keuse van "'n beroep wat ŉ inkomste sal verseker" en die uitleef van hul talente. Daar is nie ŉ vinnige en maklike pad tot sukses in die uitvoerende kunste nie. Steve Kotler (skrywer en joernalis) het gesê: "*Creatives fail and the really good ones fail often*". Dit is dus belangrik om mislukking nie as die einde van die skeppingsproses te sien nie, maar as die begin of oor begin. Mens moet die selfvertroue hê om aan te hou en jou vrees vir mislukking te oorkom deur ook spesifieke hindernisse in jou kreatiewe proses te identifiseer en sodoende die weerstand te oorwin. In die alledaagse moet ons dus nie op ŉ passiewe wyse bloot bestaan nie, maar moet ons kreatiwiteit voed deur waarnemings en aantekeninge wat later as bron dien waaruit ons kan put wanneer ons skeppend wil optree … toegepaste kreatiwiteit!





Agter v.l.n.r: dr Chris Vorster, Albé Botha, Esna de Beer en L'lize J van Rensburg.
Voor v.l.n.r: Riana Burger, Sumari de Wet, Martelize Faber, Annamarie van der Merwe en Karen Janse van Rensburg.



Agter v.l.n.r: Albé Botha, dr Chris Vorster en Christiaan van der Merwe.
Voor v.l.n.r: Ciska de Wet, Sumari de Wet, Martelize Faber, L'lize J van Rensburg, Annamarie van der Merwe en Esna de Beer.

Die kursus het oor verskeie temas gestrek, insluitende regie, tydsbesteding, toneelwerk, tekskeuse, rolverdeling, kamerawerk, beligting, klank, toneelspel en skryfwerk. ŉ Goue draad was dat alle aspekte soos rolverdeling, teks-, kostuum- of musiekkeuse nooit ter wille van die besluitnemers gemaak word nie, maar ten doel moet hê om die teks, die karakter, die kunswerk en uiteindelik die teikengehoor, te dien. Dit is verder ook beklemtoon dat die regisseur uiteindelik ten volle verantwoordelik is vir die produksie en alle aspekte dus deeglike oorweging vereis.

Die uitvoerende kunste strek oor ŉ wye veld. Dr. Chris Vorster het daarin geslaag om nie net die kursusgangers terug te bring aarde toe deur die uitdagings en realiteite in die bedryf onomwonde uit te lig nie, maar terselfdertyd ook elkeen bemagtig met kennis wat as aansporing dien om die vlerke te sprei en nuwe hoogtes aan te durf deur die uitlewing van kreatiwiteit.



Dr Chris Vorster verduidelik vir Esna de Beer dat 'n stel nie emosie uitlig nie, maar spel wel. Hy het lig gewerp op die belangrikheid van karakternavorsing end at dit belangrik is om toneelstukke op 'n verhoog te bestudeer.



Annamarie van der Merwe verduidelik haar begrip van die intellektuele proses wanneer dit by teksanalise en regie kom.




# Witkruisdag herdenk



Rooi Papawerdag is aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog op 11 November 1918 in die lewe geroep. Dié dag is 'n wêreldwye herdenking van soldate wat in oorloë gesneuwel het.

Die sigbare wit kruise wat op 'n paar plekke in die land geplant word, herdenk die Grensoorlog, plaasmoorde en die wrede moorde op onskuldige mense in dorpe.

Op 'n Orania Facebookblad noem die outeur: "Saam met elke wit kruis kwyn 'n familie weg, kwyn Afrikaans weg, kwyn stories, tradisies en vriendskap weg. Saam met elke wit kruis is ons bietjie armer, en verdwyn 'n stukkie geskiedenis."

Deelnemers aan vanjaar se program was Pieter Bisschoff, ds. Ronald Bain, Thomas van Dalen, Jan Snyders en Eric Bornman. Die verrigtinge is met die sing van die vierde vers van Die Stem afgesluit.

Die reëlings vir Witkruisdag, wat 'n nie-amptelike vakansiedag in Orania is, word deur die Orania Bewaringstigting hanteer. Deelnemers trek hoofsaaklik wit klere aan en plaas 'n blommekrans met 'n wit kruis aan die voet van 'n permanente kruis wat in Orania pryk.

# BKO

BO-KAROO OPLEIDING

## - WAAR JY -

*vry, veilig en voorspoedig*

SAAM AAN 'N HOOPVOLLE TOEKOMS BOU

## KOM STUDEER OP 'N KAMPUS SONDER MURE EN WERK AAN JOU LOOPBAAN

## KWALIFIKASIES

- BOERDERYBESTUUR
- BOU- EN SIVIELE KONSTRUKSIE
- LOODGIETER
- ELEKTRIES
- TUISVERSORGING
- TUISSORGASSISTENT
- VROEË KINDERONTWIKKELING
- SIVIELE INGENIEURSWESE DIPLOMA

*Vorm deel van ons unieke studentelewe en koshuistradisies!*

**Aansoeke vir 2025 is oop en finansiering is beskikbaar!**

053 110 0620 | 061 768 1852 | ontvangs@bko.co.za | bko.co.za

# MET DANK AAN ONS LESERS & ADVERTEERDERS

# 'N JAAR VAN STORIES EN NUUS

## EEN JAAR, TWAALF UITGAWES, EN SOVEEL STORIES OM TE VERTEL.


KOERANIA
Springbok Vliegakademie land in Orania


KOERANIA
Vloedskade laat Oraniërs saamspan


KOERANIA
Orania se Verteenwoordigende Raad beklemtoon selfwerksaamheid


KOERANIA
Vandag se BKO-studente word môre se meesters

Lees dit! Deel dit!


KOERANIA
Orania bied die alternatief


KOERANIA
Die battery wat die ekonomie kan stimuleer


KOERANIA
Orania se naam soos heilige graal ontdek


KOERANIA
Die Memorandum van Ooreenkoms en Voorneme laat humeure onnodig opvlam


KOERANIA
Beserings na botsing eis Helpmekaar se Hannelie


KOERANIA
Die Vryheidstigting se beraad - die Federale gedagte


KOERANIA
BKO studente benodig mentors in praktyk


KOERANIA
12
ONS SIEN UIT NA JUL DEELNAME VIR DIE VOLGENDE 12 MAANDE!

# DANKIE AAN ELKE LESER EN ADVERTEERDER WAT HIERDIE REIS MET ONS DEEL.

## KOERANIA - LEES DIT! DEEL DIT!

Gemeenskapsnuus
KOERANIA




L'lize Janse van Rensburg

Aandeelhouer & Bestuurshoof: Stokkiesdraai Avontuurpark & Winkelsentrum

# Stokkiesdraai Avontuurpark

## Waar jy en jou gesin gevoed en vermaak word

Fotos - Peter Welgemoed





Stokkiesdraai bied 'n verskeidenheid interessante winkels, mini-speelpark met 'n groot grasperk, diere wat besigtig kan word en afdakke waar besoekers in die koelte kan vertoef.

Stokkiesdraai Park is die kuierplek vir jonk en oud!

Dit is die plek om jou volgende verjaarsdagpartytjie of funksie te hou.

Dink jy daaraan om jou bruilof by Stokkiesdraai Park te laat geskied? Moet nie verder soek nie!

Rig alle navrae aan stokkiesdraaiinfo@gmail.com
















# Saffierstraat se Badenhorsts

Dia van Staden - Redakteur

ORANIA PIONIER

Hulle eerste en enigste adres in Orania was sedert hul trek nog altyd Saffierstraat 3, want dit is die huis wat Wessel vir Christa in April 1994 gewys het, en sy was dadelik ingenome daarmee. "Hierdie huis was vir ons bedoel," sê Christa gou.

Die afstand van 'n CVO-skool in Pretoria en bure wat verhuis het, plus bangmaak politiek het Wessel en Christa Badenhorst op 12 Julie 1994 na Orania laat verhuis. Hul buurman, oom Bernardus, het 'n potjie sop vir die nuwe intrekkers aangedra.

Wessel het sy elektromeganiese ambag by Yskor voltooi en het by twee stadsrade gewerk. "In Orania kan jy nie spesialiseer nie. Jy moet, veral vroeër, iets van alles kan doen," vertel hy.

Christa het Arbeidsterapie studeer en na hul eerste kind, Tinus, se geboorte, het hul besluit dat sy tuis sal bly vir hul kinders. Op 16 Julie 1996 begin sy hul kinders tuisskool en die laaste van die vier het in Mei 2009 gematrikuleer.

Hulle gesels met trots van hulle spruite. Tinus (40) is kerkorrelis en fiksheidsinstrukteur in George. "Hy het die nuusklingel, wat steeds gebruik word, vir Radio Orania gekomponeer."

Dawie (39) is getroud met twee kinders en werk by Orion Hardeware in Orania. Marianne (36) is getroud en woon met haar drie kleingoed in Pretoria waar sy hulle tuisskool. Riaan (33) is die jongste en wel bekend aan Oraniërs as die talentvolle foto- en videograaf by die Orania Beweging.

Wessel en Christa vertel oor-en-weer 'n pragtige klomp staaltjies wat jou terugneem na vervloë dae toe Orania nog nie planne vir stadsword gehad het nie. Wessel was een van 'n paar wat help bou het aan die eerste Oewergebou wat vandag André en Karin Coetzee se huis is. "Daar was niks behalwe 'n stuk sementvloer waarop Waterwese se mense oujaar gedans het nie," lig hy my in.

Daardie eerste klompie jare het harde werk, maar gesonde pret ingehou. "Wessel en Fanie Roos het die bome geplant wat tans nog in Saffierstraat pryk. Die huidige vliegveld was 'n skietbaan. Met ds Hennie van Rooyen aan die stuur het die AP-kerk wyksetes en wyksbyeenkomste gehou. Oom Jan Brak het die melkplaas naby die Oewer gehad en sy bokmelkkaas was uit die boeke! Wat vandag as Bittereinder bekendstaan was vroeër Die Bakhuis, wat Ria Brak bedryf het. Esmé Boshoff het altyd Oewerpark se Druiwefees georganiseer en die Oraans Musiekgroep, wat 'n CD opgeneem het, was 'n treffer. Tienie Hout het elke nuwe inwoner vir tee genooi om met sy houtskeppings te spog,. Hy het elke winter deur die rivier geswem," borrel die staaltjies uit.



Wessel en Christa Badenhorst wil steeds aan Orania bou. Hulle het nie planne om te trek nie en hou daaraan vas dat die aanwending van geld met God se voorsienigheid moet ooreenstem.

Foto - Dia van Staden

'n Ervaring wat hulle bybly is die man wat in 1995 met sy karavaan langs die huidige motorhawe gestaan het. Hy het volgens gerugte met sy sigaret in die hand aan die slaap geraak en die lekkasie van brandstofgas het 'n massiewe ontploffing veroorsaak wat tot by hulle huis die aarde laat skud het.

"Ons wou graag Orania toe kom en behalwe vir die eerste somer wat 46 grade opgelewer het, was daar nie vreeslike ander aanpassings nie," noem Christa. Die 36 vrugtebome en vrugbare groentetuin in hul erf, genoeg 1994 opgaarkos en gewoond aan selfwerksaamheid was vir hulle deel van God se voorsiening.

Christa vertel: "Ek het gedink hier sal nie karre of televisies wees nie, wat hier toe wel was. Snobisme was toe maar hier ook. Ek is 'n Koningskind. Dit is al wat ek wil wees."

"Orania is 'n paradys vir kinders om in groot te word. Ons het 'n sleepwa gehad waarop die kinders hulle kano kon laai en vir die naweek by die rivier saam met hulle maats kon kamp en visvang. Ons kon hulle met 'n geruste hart alleen laat kamp," noem hulle.

**ONTWIKKELING IS NIE NOODWENDIG VOORUITGANG NIE!**

In 2022 het Christa haar kundigheid by CVO-skool begin toepas waar sy hul tans steeds bystaan met kinders se aansoeke vir toegewings tydens toetse en eksamens.

Hulle siening oor aftrede: "Jy moet glo dat jy in die tuig gaan sterf." Hulle is oortuig dat ouer persone se kundigheid nuttig aangewend kan word, selfs as dit nie aan 'n spesifieke organisasie gekoppel is nie. "Dit verg ondervinding om 'n dorp te bou, maar ontwikkeling is nie noodwendig vooruitgang nie!"

Die klerefabriek wat voorheen in Orania was, is een van die voorbeelde van 'n vervaardigingsnywerheid wat heelwat werk verskaf het. "Ons moet vorms van vervaardiging hier kan laat vestig," glo Wessel.

"Prof Carel Boshoff het gereeld daarop klem gelê dat Orania 'n proefneming is, en dat niemand al hul eiers in een mandjie moet sit nie," meld hulle. Die Badenhorst-egpaar oorweeg nie om te verhuis nie en hulle het goeie raad vir persone wat na Orania wil verhuis.

"Baie mense kom na Orania en vermoed dat hulle 'n eerste van iets bring, maar dan is hulle onbewus daarvan dat hier al 'n paar pogings vir soortgelyke besighede was. Iemand moenie 'n pionier wil wees en planne vir hulself probeer uitbou nie. Pionierskap het 'n baie kort raklewe. Kom bly vir 'n jaar hier, beweeg tussen die mense en beleef die seisoene. Indien iemand 'n besigheid wil begin moet jy seker wees dat jou vennote dieselfde doelwitte het," is van hulle kosbare wenke.

Hulle is trots op die Chris Jooste gedenkbankie wat voor hulle huis opgerig is. "Hy was 'n baie wyse en sterk man gewees. Hy was byna 100 jaar oud toe hy 'n Spaanse riet met wortel en tak verwyder het. Niemand wat kon werk soos hy nie."

Dié twee pioniers se dryfkrag het nog lank nie tot ruste gekom nie. "'n Ambag is soos 'n kunswerk. Jy maak iets wat 'n ander ou nie kan maak nie. 'n Ambagsman in Orania is egter 'n nuttelose ding. Omstandighede dwing jou om 'n nutsman te wees, sonder 'n spesialisveld. Hier is egter baie kundigheid wat by iets soos 'n Ambagskool oorgedra kan word," eindig Wessel af.

**Eleksa Orania Pendeldiens**
van Kleingeluk tot by Orania-Wes.
Stoppe op die roete vertrek by Gannabos, Kuierstoep, Olienhout Woonstelle, Karooland Sentrum, ou Poskantoorgebou (Karoosig Aftreeoord) Eleksa en Vulstasie.

**Ɵ10 per rit**

Kinders 0 – 5 jaar gratis as op ouer se skoot sit
Bejaardes 75 en ouer tussen 09:00 en 16:00 gratis vervoer

Elke halfuur vertrek vanaf Gannabos om 05:45

Vertrek vanaf die vulstasie om 06:15 – 08:00 elke halfuur, en daarna elke uur

Dienste stop daagliks om 18:30

Saterdae se eerste rit om 06:15

GEEN DIENSTE OP SONDAE EN GEESTELIKE VAKANSIEDAE NIE!

ELEKSA Pendeldiens



VERTREKTYE

Kontak Jannie Roux 082 573 4575

Orania Beweging

**Registreer vir 2024 se VAKANSIEPROGRAM**

Dit is binnekort weer tyd om ons jaarlikse vakansieprogram vir Desember op te stel.

Wat wil jy graag op die program sien?

Registreer voor 22 November:
https://orania.co.za/vakansieprogramregistrasie/




**Laat Koerania maandeliks by jou voordeur aflewer!**

Dit bly lekker om die papier in jou hand te hê wanneer jou eie gemeenskapsnuus gelees word.

Maak gebruik van die aanbod om jou Koerania te laat aflewer sodat jy altyd op hoogte bly van ons eie mense se stories.

Of jy by die huis of by jou besigheid is, Koerania se nuus spreek tot almal.



**R500-00 vir 12 maande**

Besoek ons webblad by koerania.co.za/intekenvorm of skandeer die QR Kode om in te teken.

Vir meer inligting kontak Dia van Staden by 083 726 1180 of epos na redakteur@koerania.co.za

# Tikkie snap sukses




Tikkie Delport vier met dankbaarheid een jaar van Snippie Snappie-sukses!

In Orania sal Maandag 27 November 2023 altyd in die geskiedenisboeke opgeskryf staan as die opening van Snippie Snappie. Dit is die heerlike eetplek wat Tikkie Delport haar domein gemaak het en waar menige Oraniër versadig en verkwik kan uitstap. Daardie huppel in elke kliënt se stap is omdat hulle gasvrou vriendelik, hulpvaardig en 'n wonderlike luisteraar is.

Tikkie of Tiks, soos baie haar noem, is 'n jong 63 jaar oud en het Mosselbaai verruil vir Orania. Manlief Dawie is self 'n handige man en, wanneer dit stil is by sy winkel, sit hy handjie by in Snippie Snappie se kombuis of agter die toonbank.

Haar kuierplek se interessante naam is deur een van haar kleinkinders voorgestel. Ouma en oupa het 'n kompetisie vir die kleinkinders aangekondig en kleinseun, Ruan Barnard, toe 5 jaar oud, was R500-00 ryker toe Snippie Snappie as 'n naam gekies is.

Dié dinamiese vrou onthou hoe haar asemnood en suurstoftekort in Mosselbaai byna haar lewe gekos het. Sy vertel: "Vandat ek in Orania is het ek nog nooit eers na 'n asmapompie gegryp nie. Ek is gelukkig hier en tel my seëninge elke dag."

Tikkie het veel meer as net lekker kos in haar winkel. Beskuit, koekies, ornamente, juwele, speserye, roomys, koek, slaai, koeldrank en lekkergoed kan ook daar gekoop word. Haar wye verskeidenheid aanbiedinge op die spyskaart bied lekker keuses vir enige kliënt.

Haar deure swaai al om 06:30 in die oggende oop en dit bied vroegoggend lafenis vir die honger of dors arbeiders of studente wat op pad is werk of Bo-Karoo Opleiding toe. Maandae tot Vrydae is hul tot 18:00 oop en Saterdae tot 14:00. Snippie Snappie is Sondae gesluit, want daar moet darem bietjie gerus word ook.

Sy was byna deur 'n paar doemprofete ontmoedig wat haar gewaarsku het dat haar huidige winkelspasie nog "nooit" 'n suksesvolle besigheid kon akkommodeer nie. Tikkie se positiwiteit, haar durf en slag met mense het die teendeel nou bewys. Madelein is 'n vriendin van Mosselbaai sonder wie se hulp sy sekere mylpale nie kon bereik nie.

Tiks vertel van die oulikste mense wat sy al in haar kuierplek ontmoet het. Sy geniet dit om nuwe gesigte te sien en die Orania-idee oor haar toonbank te deel. "As jy eers in Orania gewoon het sal jy nêrens anders wil bly nie. Geen traliehekke laat jou vry voel en jy kan vrou-alleen rondstap en jou menswees uitleef!"

Snippie Snappie vier 'n vrolike een jaar van besigheid! Op 23 November sal die vreugdevure al 08:00 begin brand om die verjaardag in hul kleurvolle tuin by Snippie Snappie te vier. Vanaf 10:00 sal die wors, pap en sous gereed wees om vir R35-00 per persoon saam te smul en kuier terwyl Eric Bornman musiek sal maak.





Eric Bornman sal vir die vermaak sorg tydens Snippie Snappie se verjaardagvieringe op 23 November.



# Erkenning vir gryse wyses

Dia van Staden - Redakteur

Fotos - Dia van Staden

Daar is gedurende die week van 21 tot 25 Oktober 'n verskeidenheid vreugdevolle aktiwiteite vir die bejaardes van Orania aangebied om aan elkeen erkenning te gee vir hul bydrae tot die bou van die dorp.

Dit is die sewende agtereenvolgende jaar dat Orania Helpmekaar Bejaardeweek aanbied, moontlik gemaak deur verskeie instansies en die gemeenskap wat bydraes lewer. Heidi Smit het die voortou geneem om hoededag, bingo, konsert, voetetroetel en 'n afsluitingsbraai op die Vrydag vir die goue oues te reël.

Pierre Fourie, bestuurder van die Karoosig Aftree-oord vertel dat dié 'n baie spesiale week op die kalender uitmaak omdat die gemeenskap die bejaardes bederf en deel van die dorp laat voel. "Dit is 'n tyd om saam te lag en net vrolik te wees en waartydens ons bejaardes met liefde en respek herinner word dat hulle kosbaar is en onthou word."


Plakkate met foto's van Orania se bejaardes pryk oral op die pale in die dorp gedurende dié week en die gemeenskap word daaraan herinner om elke geslag te waardeer vir die kosbare bydraes wat hul gelewer het en steeds met hul lewensondervinding kan lewer.

Tydens die gesamentlike braai in die Oewer se tuin die Vrydagmiddag, is daar heerlik geskerts, gekuier en onderling gegiggel terwyl die bejaardes in ligte luim sosiaal kon verkeer.

Tot volgende jaar!


Linda van Zyl





Martie Rens






Johan de Bruin


Freda Jacobsz


Marie Bekker





Sus van der Merwe

Dapper stapper… Hy het die Visrivier Canyon 19 keer gestap en op 25 September het oom Henry Stieger sy 90ste verjaardag gevier! Hy het die braaivleis en bykosse saam met die ander bejaardes geniet.


Die Burgers


Die Van der Westhuizens



**MOOI GETOOI…**

Tiaan Roos en Cara (Meyer) se huweliksbevestiging het op 22 Oktober by Taayboschdraai plaasgevind. Jozua Brits het die seremonie hanteer. Hulle is Oraniërs en sien daarna uit om 'n toekoms in die dorp te bou.

Foto - Cherise Barnard



**EWIGE TROU…**

Salmah (Naudé) en Christiaan du Preez is op Woensdag 9 Oktober in die eg verbind. Die egpaar sal hulle in Orania vestig.

Foto - Cherise Barnard

## ORANIA DAGBOEK

**NOVEMBER -**

- 16 Ontwerpers Stravaganza - Oewerlaan
- 21 OTV Voedselsekerheidsplan deur Jacob Middel
- 23 Kersgeskenk Verfklas
- 23 Straatfees – Tuin tot tafel
- 30 OKeR Mikrofoon Oewerlaan

**DESEMBER -**

- 6 Koerania Uitgawe 13 verskyn
- 6 Orania Helpmekaar Kersboom
- 7 Basaar (NGK)
- 7 Vuur-en-beweeg skiet
- 9-12 Vakansie dansklasse
- 14 OTV bring-braai
- 14 Son, Styl en Safari Modeparade – Aan-die-Oewer tuin
- 16 Geloftedag
- 20 Kleinreusfees – Aan-die-Oewer
- 21 Franna Benade – Die Rebel Restaurant en Wynboetiek
- 17-24 Kersmark by Volkskoolsaal
- 18 Sinkplaatfietstoer
- 25 Kersdag
- 26 Gesinsdag



Foto - Verskaf

Marnus en Marieta Combrink se eersteling, MJ, is op 27 Oktober gebore. Koerania wens vir die ouers en hul seun 'n goeie en gesonde toekoms!




## Oraniamodes in die tuin



Dit is byna vakansietyd en 'n feestyd kan behoorlik gevier word wanneer jy 'n somersdag in die tuin, met 'n piekniekmandjie en kombers in jou hande, bywoon.

Koerania en die Okkasie Hasie bied op Saterdag 14 Desember om 16:00/16:30 'n Son, Styl en Safari Modeparade in Aan-die-Oewer se tuin aan. Orania se eie mans en dames gaan as modelle optree en die klere van Orania se winkels ten toon stel.

Daar kan 'n unieke haarafdeling verwag word met Weltevreden Haarsalon wat saam met Virtrou Bloemiste vir 'n paar verrassings sal sorg. Die eienaars van Cia-Mari Boetiek, Klein Reus se Niggie, Orania Uitrusters en Kroon tot Toon sal hulle beste winskopies vir die feestyd vir die geleentheid insluit. Kreatiewe bybehore sal te sien wees.

Inwoners en besoekers kan hulle stoele of komberse uithaal en die piekniekmandjie pak om saam in die tuin te kom kuier. Kaartjies kos slegs R100-00 per persoon en is by die kantoor van Aan-die-Oewer beskikbaar. Daar sal vure beskikbaar wees vir diegene wat na afloop van die modeparade hul eie vleis wil braai en steeds wil saam kuier. Almal bring hul eie eetgerei, bykosse en vleis vir die kuiertyd.

Kontak Dia by 083 726 1180 met jou navrae.



Fotos - Dia van Staden



**DIE ORANIA CVO-SKOOL MATRIEKAFSKEID is op 15 Oktober in 'n swierige skuur van 'n plaas gehou. Daar was geen tekort aan liggies en blink dekor nie. Dit was 'n uithang-geleentheid waartydens elke leerder hul mooiste vere vir 'n bederfaand kon regskud.**

## Spanspelers aan die stuur

Ernst Kleynhans en Jana Hugo is spanspelers wat daarin glo dat elke sterk individu ook 'n uitmuntende spanspeler kan wees. Albei lig hul moeders uit as rolmodelle by wie hulle baie van leierskap en vasbyt geleer het. Hulle twyfel nie dat selfvertroue 'n belangrike eienskap is waarmee 'n leier die nodige leiding moet neem nie. Ernst glo dat 'n goeie luisteraar waarde tot 'n uitdagende situasie voeg en Jana wil 'n voorbeeld vir ander stel.

Dié 2 ekstroverte gaan poog om hulle mede-skoliere se stemme na die volwasse leierskap van die skool te wees. Aangesien hulle daarvan hou om verhoudinge te bou wil dit voorkom asof daar groot dinge vir CVO-skool in 2025 wag. Hul praat met agting van hulle mede-leiers en hulle wil graag 'n blywende verskil maak om hul skool trots te maak en na nuwe hoogtes te lei.





Foto - Dia van Staden

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

Plaas jou geklassifiseerde advertensie teen R350 vir maksimum van 60 woorde en laat die gemeenskap weet wat jou behoefte is.
E-pos jou advertensie na advertensies@koerania.co.za

TE KOOP

WERK GESOEK

VAKANTE POSTE

VEILINGS

EIENDOM

REGSKENNISGEWINGS EN TENDERS

LANDBOU

### BOEDELKENNISGEWINGS

**Roux Welgemoed & Du Plooy Prokureurs**

**E.P. Pretorius**
Estate late ELLA PETRONELLA PRETORIUS, ID-no. 480128 0020 089, date of death 2023/10/10, date of birth 1948/01/28, last address H027 OEWERLAAN, ORANIA, Northern Cape. Estate-no. 003468/2023.
All persons having claims against the above Estate are called upon to lodge their claims with the Executor(s) concerned within a period of 30 days from the date 2024/11/15.
Any debtors of the estate are requested to pay amounts owing to the executor within the aforesaid period.
R E E DU PLOOY
ROUX WELGEMOED & DU PLOOY Attorneys,
14 Stead Street, KIMBERLEY, 8301. Tel. 053 833 1437, email: roweldu@kimberley.co.za, Ref: DU PLOOY/BP0006.




## Marathon bring fondse in



Fotos - Dia van Staden



Die Orania CVO-skool het hul jaarlikse 24 uur fietsry- en stapmarathon op Vrydag 25 Oktober om 12:00 begin en op Saterdag 26 Oktober om 12:00 afgesluit. Al die deelnemers het, soos gewoonlik, behoorlik gekuier, gestap en fietsgery. Heelwat spanne het volgens 'n tema aangetrek en daar is op die grasperk voor die skool uitgekamp, kos gemaak en tussenin speletjies gespeel om wakker te bly en die energievlakke hoog te hou. Die gelag en gesels van deelnemers kon ver gehoor word.

Volgende jaar sal daar weer op dié wyse fondse ingesamel word!

# Klanke en Klingels in die Karoo

Die Karoo Klanke en Klingels Musiekskool het op 30 Oktober hulle jaar afgesluit met 'n pragtige verskeidenheidskonsert waarin hul studente getoon het hoe hul musikale vermoëns ontwikkel.

Ciska de Wet en Christelle de Villiers is die twee talentvolle dames wat die studente help om hoër hoogtes te bereik. Die Huppelkindsaal is in 'n luisterryke plek omskep om al die sang en instrumentale optredes van individue, duette en groepe te akkommodeer.














## Volkskool se Senaat tree aan

Franco Coertze is onlangs as voorsitter van Volkskool Orania se Senaat vir 2025 aangewys met Corrie Badenhorst as onder-voorsitter.

Dié 2 leiers is dit eens dat woorde wek, maar voorbeelde strek. Vir hulle is respek, hulpvaardigheid en goeie manière kwaliteite wat hulle wil oordra en kweek tydens hul termyn as lede van die Senaat. Daar word heelwat projekte beplan waardeur hulle hulp wil verleen aan dieresorg en hulle wil onder leiding van oom Jacob Middel groente plant om aan die gemeenskap vars groente te verskaf.

Hulle sal Volkskool weer as 'n skool kies, want dit is hier waar hulle vriendskapsbande gebou het wat vir altyd sal hou en waar hul teen hul eie tempo kon studeer. "Leeropsies het daartoe bygedra dat ek baie meer van myself geleer het," voeg Franco by.

Hulle boodskap aan toekomstige leerders: "Volkskool vorm kinders om hul beste self te word."












KOERANIA Sport
September, 2024
Volume 01 | Uitgawe Nr. 10







## Skenkings kan die balle laat rol

Die Orania Rolbalklub het op 6 Augustus hul stigtingsvergadering gehou. 'n Komitee is saamgestel om die voortou te neem met die vestiging van 'n klub. Die behoefte aan materiaal vir die bou van die baan word tans met behulp van materiaalskenkings, ledegeld en donasies gedoen.

Die rolbalklub word as deel van die bestaande Orania Sportterrein ontwikkel. Sluit by die Orania Rolbalklub se Facebookblad aan om ingelig te bly.

Enige individu, instansie of rolbalklub wat die droom vir Orania wil help verwesenlik word versoek om met Francois van Schalkwyk by francoisvs57@outlook.com of WhatsApp na 073 0891604 in verbinding te tree.

Koerania sal hul lesers ingelig hou oor die vordering van skenkings wat gemaak word. Maak jou skenking!

# Atlete ryg die kilometers in

Die Orania Atletiekklub het op 12 Oktober hul jaarlikse Kleinreus Halfmarathon op 'n warm Saterdag aangebied.

Atlete van Orania, Hopetown, Kimberley, De Aar en elders in die omgewing het kom kragte meet oor die 10km en 21km afstande. Organiseerders, Christo en Karin Muller, het die roetes, waterpunte en vrywillige assistente haarfyn beplan.

Daar was 'n paar fietsryers wat seker gemaak het dat die atlete op hul roetes bly sodat daar nie onnodige afdraaie geneem word nie. By die wegspringpunt, die Banketsaal, is vrolike musiek gespeel wat die atlete weer terug verwelkom het na hul die wedloop voltooi het.

Daar is ambulansdienste ontplooi om enige hitte-uitputting of ander mediese knelpunte te help uitsorteer. Om 07:00 het die 72 ywerige atlete in twee afsonderlike groepe, per afstand, weggespring, en Koerania se Dia van Staden het die aankondigings en onderhoude tydens die wedloop hanteer.

Eerste oor die wenstreep vir die 10km was Sydney Stevens van Hopetown Atletiekklub in 'n tyd van 37:06, en Carmen Louw van Hoërskool Diamantveld het in 'n tyd van 51:13 as junior die wenstreep oorgesteek. Die tydhouers moes bontstaan om seker te maak dat die korrekte tye per atleet gedokumenteer word.

In die 21km wedloop het Arthur Jantjies van Kimberley die mansafdeling met 'n tyd van 1:18:36 gewen en Denise Thomas van Hopetown het die afstand in 1:46:17 afgehandel. Die taakspan van Orania Veiligheidsdienste het elk met 'n 14kg rugsak die halfmarathon net so onder die 03:30 voltooi. Al die atlete is met luide applous by die eindstreep terug verwelkom.

Die datum vir die 2025 marathon is reeds vir 18 Oktober vasgestel. Die Orania Atletiekklub sien daarna uit om hulle getalle vir dié wedloop te verdubbel.









Alexia Smit en Toinette Ferreira, lede van die Orania Atletiekklub wat seker gemaak het dat wentye aangeteken word.

